



**LEWENSWETENSKAPPE
OEFENVRAESTEL 1 GRAAD 11
TYD: 2 UUR**

TOTAAL: 100

KWARTAAL 1 – TOETS 1 – MEMORANDUM

VRAAG 1

1.1

- 1.1.1 J ✓
- 1.1.2 F ✓
- 1.1.3 A ✓
- 1.1.4 G ✓
- 1.1.5 C ✓
- 1.1.6 I ✓
- 1.1.7 E ✓
- 1.1.8 B ✓
- 1.1.9 K ✓
- 1.1.10 D ✓

[10]

1.2

- 1.2.1 C ✓✓
- 1.2.2 A ✓✓
- 1.2.3 D ✓✓
- 1.2.4 B ✓✓
- 1.2.5 D ✓✓
- 1.2.6 A ✓✓
- 1.2.7 C ✓✓
- 1.2.8 B ✓✓
- 1.2.9 C ✓✓
- 1.2.10 D ✓✓

[20]

1.3

- 1.3.1 Protiste. ✓ (1)
- 1.3.2 'n Vektor dra ✓ die malariaparasiet aan mense oor ✓ (muskiete word nie deur die parasiet benadeel nie). (2)
- 1.3.3 Ongeveer twee ✓ weke. ✓ (1)
- 1.3.4 **Enige drie van:** Kouekoors ✓ hoë koors ✓ bewe ✓ sweet / hoofpyn / braak. (3)
- 1.3.5 Die medikasie versteur die lewensiklus van die parasiet. ✓ (1)

OEFENVRAESTEL 1 LEWENSWETENSKAPPE MEMORANDUM

- 1.3.6 Die malariaparasiet / endoparasiet is 'n lewende organisme ✓ wat op mense (ander lewende organismes) leef tot nadeel van die gasheer (die mens). ✓ (2)

[10]

TOTAAL VRAAG 1 [40]

VRAAG 2

2.1

- 2.1.1 Hidrostatiese skelet. ✓ (1)

- 2.1.2 Hierdie organismes is permanent aan 'n substraat, byvoorbeeld 'n rots, vasgeheg / bly in dieselfde plek / beweeg nie vryelik nie. ✓ (1)

- 2.1.3 See-anemone / Hydra. ✓ (1)

- 2.1.4 A = Dermholte. ✓
B = Bot / nuwe poliep. ✓ (2)

- 2.1.5 Mond. ✓ (1)

- 2.1.6 (a) Diffusie. ✓ (1)

- (b) Hierdie organismes het 'n groot oppervlakarea-tot-volume-verhouding ✓ en al die stowwe diffundeer na waar hulle benodig word. ✓ **OF** Die liggaam bestaan slegs uit twee lae / is twee lae dik ✓ en diffusie kan vinnig en maklik plaasvind. ✓ (2)

- (c) Hulle vang hulle prooi en vreet dit. ✓ (1)

[10]

2.2

- 2.2.1 % ✓ Ontkieming van stuifmeelkorrels. ✓ (2)

- 2.2.2 38–50% ontkieming. ✓ **Moet % (eenheid) gee vir punt.** (1)

- 2.2.3 Stigma ✓ sodat die manlike gamete (in die styl) na die vrugbeginsel geneem kan word soos die stuifmeelbuis groei. ✓
Bevrugting van die eiersel vind dan plaas in die vrugbeginsel as die stuifmeelbuis oopbars en die manlike gamete vrygestel word. ✓ (3)

- 2.2.4 Helmknoppe. ✓ (1)

OEFENVRAESTEL 1 LEWENSWETENSKAPPE MEMORANDUM

- 2.2.5 By 'n glukose-konsentrasie van 60 g/l% ✓ is die persentasie ontkieming van aalwyne se stuifmeel die beste. ✓
OF
Indien die glukose-konsentrasie meer as 180 g/l is, ✓ is die persentasie ontkieming van aalwyne se stuifmeel baie minder. ✓
OF
Indien die glukose-konsentrasie meer as 210 g/l is, ✓ is daar geen ontkieming van aalwyne se stuifmeel nie. ✓ (2)

[9]

2.3

- 2.3.1 1 = Stempel. ✓
2 = Blomblare / kroonblare. ✓
3 = Styl. ✓
4 = Helmknop (met stuifmeel). ✓
6 = Kelkblaar. ✓
7 = Saadknop / vrugbeginsel. ✓ (6)
- 2.3.2 Insekbestuiwing. ✓
Blomme produseer baie stuifmeel en nektar om insekte te lok. ✓
Blomme is opvallend en helderkleurig. ✓ **OF**
Stuifmeel is groot en stekelig sodat dit aan die insek se lyf vasklou. ✓ **OF**
Klewerige stempels is so gerangskik dat besoekende insekte in kontak daarmee kan kom vir bestuiwing. ✓ (3)
- 2.3.3 Kruisbestuiwing. ✓ (1)
- 2.3.4 Sade / sade in vrugte. ✓ (1)

[11]

TOTAAL VRAAG 2 [30]

VRAAG 3

3.1

- 3.1.1 Keëldraende plante, ✓ varings, ✓ mosplante, ✓ blomplante. ✓ **Indien nie in die korrekte volgorde nie, merk tot waar korrek.** (4)
- 3.1.2 Broodbome / geelbos / sederhout. ✓ (1)
- 3.1.3 (a) Varings ✓ en mosplante. ✓
(b) Keëldraende plante. ✓
(c) Blomplante. ✓
(d) Mosplante. ✓ (5)

OEFENVRAESTEL 1 LEWENSWETENSKAPPE MEMORANDUM

3.1.4	Varings ✓ en mosplante. ✓	(2)
3.1.5	Keëls. ✓	(1)
3.1.6	Blomplante. ✓ 235 000 spesies (mees suksesvolle groep landplante). ✓	(2)
		[15]
3.2		
3.2.1	Sponse. ✓	(1)
3.2.2	Hulle het selle ✓ met gespesialiseerde funksies. ✓	(2)
3.2.3	In radiale simmetrie kan die liggaam in twee gelyke dele verdeel word ✓ op meer as net een vlak (wat deur die sentrale as van die liggaam strek). ✓	(2)
3.2.4	Hulle sintuie is in die kop gesentreer. ✓ Hulle is triploblasties. ✓ Hulle het 'n derm met een opening. ✓ OF Hulle het 'n bloedstelsel. OF Hulle besit organe. OF Baie het gesegmenteerde liggame.	(3)
3.2.5	Arthropoda. Moet met 'n hoofletter wees. ✓	(1)
3.2.6	Arthropoda het 'n eksoskelet ✓ en Chordata het 'n endoskelet. ✓	(2)
3.2.7	'n Weefsel bestaan uit 'n groep van gespesialiseerde selle ✓ met dieselfde funksie. ✓	(2)
3.2.8	Sponse is radiaal-simmetries en chordate het bilateraal-simmetriese liggame. ✓ Sponse besit nie ware weefsel nie, maar Chordata het ware weefsel. ✓ Moet dieselfde verskil vergelyk, vir 1 punt.	(2)
		[15]
	TOTAAL VRAAG 3	[30]
	TOTAAL VRAESTEL	[100]